



Gawes en Salwing van Heilige Gees

Dr. Gerrie de Haas

INHOUDSOPGAWE

GAWES, SALWING EN OUTORITEIT

'En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.

Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg'.

Genade is die heilige vermoë aan ons gegee, om te word wat God wil hê ons moet wees.

1. Die gawes van Heilige Gees.
2. Hoe kan ek met Heilige Gees vervul word?
3. Voorbereiding vir die optree in die gawes.
4. Die gawe van tale en die uitlê van tale.
5. Heilige Gees in die gemeente.
6. Na Sy teenwoordigheid kom Sy krag.
7. Met woorde en dade.
8. Om te wandel in krag.
9. Toegerus met krag uit die hoogte.
10. Stadiums van bekragtiging.

DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES:

Die belangrikste persoon hier is die Heilige Gees self.

In die gemeente moet daar baie duidelik 'n openheid wees vir die werking van die Heilige Gees. As die Heilige Gees toegelaat word om te bedien, sal die gawes begin opereer.

Jesus het gesê: 'Ek sal My kerk bou'. Hy sal dit verseker doen deur ons as ons toegee aan Sy leiding en aan die Heilige Gees.

Die Here het nog altyd die behoefte dat Sy apostels, profete, leraars en evangeliste vrygestel moet word.

Dat die liggaam bedien moet word deur die liggaam was nog altyd die basis van kerkbou. Die oomblik dat ons aan mekaar ruimte gee sal die Gees dit verder neem.

Ek hou van die voorbeeld van 'n simfonie-orkes.

Daar is 'n voorganger – die dirigent, met 'n verskeidenheid instrumente wat deur verskillende persone bespeel word.

Saam maak hulle die orkes. Dit neem ook baie oefen en tyd vir hierdie orkes om saam te kan speel en om in harmonie te kom.

Tyd is dus baie belangrik – moet nie haastig wees nie.

Leierskap is hier alom belangrik.

Sonder leierskap verander hierdie orkes in 'n katterkoor!

'n Orkes het 'n dirigent, 'n span 'n kaptein en 'n skip 'n kaptein.

Die liggaam moet weet wie die voorganger is, al wissel die leiers ook en hulle moet aan sy leiding gehoorsaam wees. Dis skriftuurlik so.

Die voorganger hoor en sien nou alles wat gebeur en is in 'n beter posisie om oordeel te vel.

Die oomblik as iemand optree sonder die leiding van die Heilige Gees, bedroef ons Hom. Dus moet ons versigtig wees, sonder om nou weer terughoudend te wees. Almal kan nog steeds foute maak.

Dit is skriftuurlik reg dat die voorganger 'n persoon kan verhinder om verder te praat of deel te neem. Die gevare van verkeerde optrede is net te groot. Weet dat die duiwel ook hierin betrokke is.

Ek glo dat jy werklik vervul moet wees met die Heilige Gees voordat Hy vir jou gawes sal gee. Let dus baie mooi op na jou verhouding met

die Gees en of dit werklik Hy is wat jou lei.

Ons praat soms so maklik uit ons eie gees of deur ons emosies.

VERSKILLENDE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES

GENADEGAWES: *Romeine 12:6-8;*

En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:

- * is dit profesie, na die maat van die geloof;
- * of bediening, in die werk van bediening;

- * of wie leer, in die lering;
- * of wie vermaan, in die vermaning;
- * wie uitdeel, in opregtheid;
- * wie 'n voorganger is, met ywer;
- * wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

GEESTELIKE GAWES: *1 Korinthiërs 12:7-11;*

Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

- * Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee,
- * en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees;
- * aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees,
- * en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
- * aan 'n ander werkinge van kragte,
- * aan 'n ander profesie,
- * aan 'n ander onderskeiding van die geeste,
- * aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.

Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

1 Korinthiërs 12:27-28;

Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

En God het sommige in die gemeente gestel:

- * in die eerste plek apostels,
- * ten tweede profete,
- * ten derde leraars,
- * daarna kragte,
- * daarna genadegawes van gesondmaking,
- * helpers,
- * regeringe,

- * allerhande tale.

STANDAARDE OF BEDIENINGE: Efesiërs 4:11-12;

En Hy het gegee:

- * sommige as apostels,
- * ander as profete,
- * ander as evangeliste,
- * ander as herders
- * en leraars,

om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.

(1) GENADEGAWES: Romeine 12;6-8;

- * Dit wil lyk asof elkeen een of meer van hierdie genadegawes het.
- * Ons ontvang ons gawes al met geboorte en nie na wedergeboorte nie.
- * Hierdie gawes is 'n uitbeelding van ons hele siel en gees en hoe ons dinge en bediening sien in die lewe.
- * Dis ons geestelike DNA.
- * Op hierdie sewe gawes beweeg ons dwarsdeur ons geestelike lewe.

(2) GEESTELIKE OF MANIFESTASIE GAWES:

1 Korinthiërs 12 & 14;

Hulle word opgedeel in drie groepe: **1 Korinthiërs 12:4-6**

4 Daar is wel verskeidenheid van **genadegawes**, maar dit is dieselfde Gees;

5 en daar is verskeidenheid van **bedieninge (administrasies)**, en tog is dit dieselfde Here;

6 en daar is verskeidenheid van **werkinge**, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.

Ons kan enige hoeveelheid van hierdie manifesterende gawes ontvang. Dit gebeur eers na wedergeboorte en geestelike groei.

In **2 Timotheus 1:6** staan:

'Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande'. Dit wys dat hierdie gawes eers later kan kom en deur iemand in die kerk.

1 Korinthiërs 14:1

'Beywer julle met die oog op die geestelike gawes'.

Hierdie dui daarop dat ons onself kan beywer vir spesifieke gawes.

Daar is geen indikatie hier dat God dit sal waarborg wat jy vra nie. Maar daar is definitief inisiatief wat jy kan gebruik.

KARAKTER-EIENSKAPPE:

Profeet:

Normaalweg nie bang vir persone of omstandighede nie. Het baie vrymoedigheid. Soms impulsief. Agressief. Neem maklik inisiatief. Word nie ge-intimideer deur omstandighede nie. 'n Profeet word gebore met 'n kapasiteit vir geloof. Sal maklik 'n risiko probeer.

Mense met barmhartigheid word gebore met kompassie.

Word gedryf deur die liefde vir mense.

Apostel: Dryfkrag. Passie om iets te bereik.

Impulsiewe optrede. Kan maklik praat en redeneer. Kan maklik mense oortuig en leiding neem. Baie dissipline in sy lewe.

Leier/voorganger:

Het natuurlike talent om mense wat gawes het, reg aan te wend en te motiveer. Beplan altyd dinge vooruit. Pas nie maklik in met tweede beste nie. Altyd op tyd. Funksioneer goed onder druk. Altyd besig, besig. Twee weke verlof is swaar. Kan altyd nog iets inwerk en sukses behaal. As hulle aftree gaan hulle in drie maande dood óf hulle kry iets anders om hulle mee besig te hou.

Bediening / om mense te dien:

Baie buigbaar en aanpasbaar. Probeer gewoonlik te veel aan pak en raak dan agter. Kan nie altyd 'nee' sê nie.

Tyd deurmekaar. Het altyd dinge wat nog nie afgehandel is nie.

Leraar / lering gee:

Geduldig. Hou van redeneer en verduidelik. Kan maklik iets oor en oor verduidelik. Kan maklik sy eie reëls maak. Werk maklik saam met iemand wat 'n voorganger is of iemand wat vermaan.

Kan soms iemand se foute maklik oorsien.

HOE KAN EK MET HEILIGE GEES VERVUL WORD?

Van die begin af was die drie-enige God teenwoordig.

God - die Vader,

God - die Seun, Jesus Christus, en

God - Heilige Gees.

Heilige Gees is al vanaf Genesis 1 daar: **Genesis 1:2;**

'En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.'

Dwarsdeur die Ou Testament sien ons dat Heilige Gees beperk word in 'n gebou - eers in die Tabernakel en later in die tempel tot 'n sekere plek, die Allerheiligste deel van die gebou.

Daarin het ook die Ark van die Verbond gestaan - 'n teken van die teenwoordigheid van Heilige Gees.

Hierdie area is afgesluit van die res van die gebou deur die 'voorhangsel'. 'n Massiewe stuk materiaal van 14 meter lank, 7 meter hoog en 11 cm. dik.

Slegs die hoë priester word daar binne toegelaat een keer per jaar op die groot versoensdag, om die sonde van die volk te bely.

Die teenwoordigheid van Heilige Gees is so sterk daar dat hulle aan die priester klokkies sit en ook 'n tou om sy enkel om hom uit te sleep as hy nie kan staan in die teenwoordigheid van Heilige Gees nie. Elke manspersoon van die Joodse volk moes probeer om een keer per jaar in Jerusalem te kom om net naby Heilige Gees te wees.

Jesus Christus word gekruisig en sterf op Golgota.

Die oomblik toe Hy sterf, roep Hy uit: 'Dit is volbring!'

Wat is volbring?

Die ou bedeling wat nou tot 'n einde kom - Jesus Christus word nou die ewige Paaslam, geslag vir jou en vir my.

Die oomblik toe Hy sterf, skeur die voorhangsel van bo na onder oop en Heilige Gees word vrygestel om nooit weer daarna tot 'n gebou

beperk te wees nie, maar om in mense te bly. **BEKERING:**

Romeine 10:9;

'As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.'

Ek aanvaar nou vir Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker en kom tot bekering - Jesus Christus kom in my lewe in. Saam met Hom kom Heilige Gees, om vir ewig in my te kom woon.

Kan ek seker wees van hierdie nuwe geboorte? **JA.**

1 Johannes 5:12; 'Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het nie die lewe nie.'

DIE HUIS WAARIN GOD KOM BLY:

Heilige Gees kom nou permanente woning maak in my lewe.

My huis word nou stelselmatig gevul met die teenwoordigheid van Heilige Gees – eers met die bou van my karakter.

My hele lewe word nou gevul met 'Die Vrug van Heilige Gees' en later met 'Die Gawes van die Heilige Gees.'

Ek het egter 'n baie groter kragdimensie van die Gees in my lewe nodig.

BELOFTE VAN DIE UITSTORTING VAN HEILIGE GEES.

Waar het alles begin? Jesus weet Hy gaan terug hemel toe en die mense wat agterbly het Heilige Gees nodig.

Jesus kom gee aan ons 'n belofte oor Heilige Gees:

Johannes 14:16 –17;

'Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Trooster / 'n ander Voorspraak (vertegenwoordiger) stuur, om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.'

Jesus self sê net voor Sy hemelvaart: ***Handelinge 1: 5;***

'Johannes die Doper het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie.'

DIE DOEL VAN DIE UITSTORTING:

Handelinge 1:8;

'En julle sal **krag** ontvang wanneer die Heilige Gee oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem en verder.'

* Jesus Christus kom aarde en word gekruisig – sodoende oorwin Hy die dood en die vloek oor ons lewens.

* Met Sy kruisdood het Hy nou gekom om die verhouding tussen mens en God te herstel.

* Toe Jesus in die hemel Sy plek inneem aan die regterhand van God die vader, sê God aan Hom:

'Stort nou Heilige Gees uit oor ons kinders.

Dis slegs bedoel vir ons bloedgewastes.

Heilige Gees sal hulle nou vervul en dan aan elkeen verder die gawes gee soos wat Hy wil!'

DAN KOM DIE UITSTORTING:

Handelinge 2:1-4;

'En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.'

Sedert die uitstorting van Heilige Gees op daardie Pinksterdag, is Hy nog altyd hier met ons. Maar, hier was ook net 'n sekere groep wat Heilige Gees ontvang het. Vandag is dit nog presies so.

As jy nie 'n begeerte het om verder te vorder in jou heiligmaking en as jy nie 'n begeerte het na die volheid nie, sal jy dit nie ontvang nie.

HOE KAN EK VERVUL WORD MET HEILIGE GEES?

Dit kan op twee maniere ontvang word:

1. Jy moet self stappe neem deur gebed en geloof.
2. Deur bediening en handoplegging van andere.

Die vervulling met die Gees is iets wat ek moet DOEN.

Dis nie 'n kwessie dat Jesus nou Heilige Gees vir elkeen net gaan gee nie. Nee, dis 'n kwessie dat elkeen Heilige Gees self moet ontvang – Hy is lankal uitgestort.

Vanaf die tyd dat Hy inkom om ons te vervul sal daar vir elke oomblik van jou lewe 'n bewustelike teenwoordigheid van Hom in jou wees.

Die ontvang en vervulling met Heilige Gees is 'n definitiewe volgende stap na bekering: Dit gebeur nie net vanself in die meeste gevalle nie.

1. Deur geloof op jou eie:

Dis baie moontlik om alleen in jou binnekamer vervul te word met Heilige Gees. Niemand hoef vir jou te bid nie.

As jy vra en jy klop, kan dit net daar gebeur.

2. Handoplegging deur andere:

Handoplegging in Samaria deur Petrus en Johannes.

Handelinge 8:12,14-17;

¹² `Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.

¹⁴ Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.'

Handoplegging deur Paulus in Efese:

Handelinge 19:1-6;

`Paulus het deur die binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy 'n groepie gelowiges gekry vir wie hy gevra het: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?

Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie, het hulle geantwoord. Watter soort doop het julle dan ontvang? vra hy toe. Die doop van Johannes, antwoord hulle. Daarop sê Paulus: Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat na hom kom, dit is in Jesus. Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop. Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het tale gespreek en geprofeteer.'

Die talespraak en profeteer is hier tekens en bewys van vervulling. In hierdie gevalle sien ons baie duidelik dat sekere persone die Gawe van die Heilige Gees ontvang het om vir mense te bid sodat hulle vervul kan word met die Heilige Gees.

WAT MOET EK DOEN OM DIE VERVULLING MET HEILIGE GEES NOU TE ONTVANG?

God verwag dat ons 'n paar essensiële dinge moet doen:

(1) BEKERING, en

(2) DIE DOOP DAARNA:

Petrus praat met die manne op die Pinksterdag.
Kom ons lees wat was hulle reaksie;

Handelinge 2:37–38;

‘By die aanhoor hiervan is die mense diep in hulle harte getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen broeders?” toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus.

Dan sal God julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.” Hier sien ons baie duidelik die belofte: ‘En julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.’

Markus 16:16;

Jesus sê: ‘Hy wat glo en hom laat doop...’

Ook sê Ananias vir Paulus in ***Handelinge 22:16***, na sy ondervinding op die Damaskus-pad: ‘En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.’

Daar is twee baie duidelike vereistes: ‘Bekeer julle en laat julle gedoop word’.

Hierdie twee vereistes vorm dus ‘n basis waarop ek moet werk om die gawe van die Heilige Gees te ontvang:
BEKERING en DIE DOOP daarna.

(3) VRA VIR GOD:

In ***Lukas 11:9-13;*** sê Jesus:

‘Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Is daar ‘n pa onder julle wat as sy seun vir hom ‘n vis vra, vir hom ‘n slang sal gee in plaas van die vis? of as hy ‘n eier vra, vir hom ‘n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer!
Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.’

Hierdie is so eenvoudig, maar o so belangrik! Jesus sê dat die Vader Heilige Gees sal gee vir sy kinders, as hulle Hom daarvoor vra.

Ek het al gehoor dat mense sê: 'Ek het nie nodig om vir Vader die Heilige Gees te vra nie!'

Om nie te vra nie is onskriftuurlik en verkeerd!

Jesus was besig om met sy dissipels te praat en Hy sê: 'Julle Vader sal die Heilige Gees vir julle gee as julle daarom vra.'

Net daarna sê Hy ook dat Hy na die Vader toe sal gaan om Hom te vra om die Heilige Gees vir hulle te stuur.

Vader sal dit dan aan Jesus gee, om dit uit te stort op sy kinders.

(4) WEES DORS:

In Johannes 7:37-39, is daar nog **drie voorwaardes**:

'Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.'

Dis baie duidelik dat Jesus hier praat oor gelowiges wat die Heilige Gees sal ontvang. Hoor wat sê Jesus: 'As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink !" Daar is drie duidelike vereistes:

Die eerste een : **Wees dors!**

Jesus het nog nooit sy seëninge op mense afgedwing wat voel dat hulle dit nie nodig het nie. Baie mense ontvang nooit die volheid van die Heilige Gees nie, net omdat hulle nie dors genoeg is daarvoor nie. As jy aanhou voel jy het alles wat jy nodig het en niks meer het om te vra nie, hoekom sal God verder met jou sukkel?

Dus: Om dors te wees is die volgende vereiste. Dors beteken net dat jy besef jy het meer nodig as dit wat jy tans het.

Dors is een van die heel sterkste begeertes wat 'n mens het.

As iemand regtig dors is gee hy nie om vir eet of iets anders nie – al wat hy soek is iets om te drink.

As 'n man regtig dors is bly hy nie om te gesels, te redeneer of om dinge te bespreek nie – hy gaan waar daar water is!

Dit is wat Jesus sê: WEES DORS !

(5) KOM NA MY TOE:

Dit is definitief jou volgende stap: Kom na My toe!

Hy versoek 'n handeling – 'n definitiewe beweging en optrede van jou.

Jesus Christus is die een wat jou doop met Heilige Gees.

As jy gedoop en vervul wil word met Heilige Gees, gaan na die Een toe wat jou kan vul. Geen mens kan jou vul met Heilige Gees nie, slegs Jesus kan.

(6) DRINK: Hy het gesê : " Drink."

Dis so eenvoudig mense los dit sommer uit. Maar om te drink beteken jy ontvang iets in jou in – deur jou eie keuse en deur 'n fisiese beweging. Drink totdat jy vol is en oorloop!

Dis definitief deel van die ontvang van heilige Gees. Om passief daar te sit en te sê: Wel as God iets wil doen, laat Hom dit doen. Drink beteken om 'iets' in jou in te kry – in te neem.

DIT LEI ONS NA DIE GAWES EN DIE TEENWOORDIGHEID VAN HEILIGE GEES IN ONS LEWENS:

OUTORITEIT: Dis die einddoel:

GOD SE VEREISTES:

Die vereistes om die volheid van Heilige Gees te ontvang:

1. Bekering;
2. Word gedoop;
3. Vra vir God;

4. Wees dors,
5. Kom na Jesus - Hy is die dooper en vervuller,
6. Drink – ontvang binne in jouself;

Elke Christen het die bediening van versoening en herstel ontvang – om mense met mekaar en mense met God te versoen. Hoe?

Handelinge 1:8; 'En julle sal krag ontvang as Heilige Gees oor julle kom.'

Besef weer vandag: Ek is die grootste eindproduk van Heilige Gees.

Die krag van Heilige Gees in jou is genoeg om die werke van die vyand af te breek.

As jy God se krag wil besit, moet jy jou eie swakhede ken.

Met Heilige Gees kom 'n einde aan jou vrees en onsekerheid en twyfel.

God bring jou toekoms in jou in – nie jou in jou toekoms in nie.

Wat joune is is joune – in die Heilige Gees.

GEBED:

Here Jesus Christus; ek dors na die volheid van Heilige Gees.

Ek gee my liggaam as 'n tempel en myself as 'n instrument in u hande – veral my tong.

Vul my asseblief en laat U Heilige Gees vloei deur my lippe en verander dit in strome van lofprijsing en aanbidding. **AMEN.**

VOORBEREIDING VIR OPTREE IN DIE GAWES:

Die oomblik dat jy op 'n geestelike vlak kom waar jy voel Heilige Gees kan jou nou begin gebruik, is daar sekere aspekte waaraan ons moet aandag gee.

Elkeen wat hier sit val in hierdie groep. Onder julle moet elkeen in hierdie tyd opstaan in die gawes en mense begin bedien.

Sommiges gaan in die vyfvoudige bediening ingaan – ander weer om die liggaam van Christus voor te berei om die Bruid te wees en ander om uit te gaan en te bedien.

Ons moet eerstens opkyk na God. Hy is die een wat sy boodskappers en werkers kies. Hy is deur Sy Gees die een wat die arbeiders gaan toerus met die inbring van Sy oes.

In hierdie stadium van ons lewens kyk ons almal terug na 'n lewe van foute maak en het ons almal die mislukkings van die verlede gesmaak. Elke heilige wat nou in die kerk sit, het 'n verlede.

Die goeie nuus is dat ons geleer het in dié prosesse.

Ons moet ook nooit skaam wees vir ons littekens nie.

Dit beteken eenvoudig net dat ons sterker was as die dinge wat ons wou seergemaak het. Die groot geheim van sukses lê daarin dat ons moet klaarmaak met dit wat in die verlede gebeur het. God wil 'n diep werk in ons doen, voordat Hy 'n groot ding deur ons kan doen.

As ons kyk na die gawes is dit belangrik dat ons bowe alles moet fokus om 'n Christen te wees.

Moet nie daarop fokus om bv. 'n leraar of 'n profeet te probeer wees nie. Moet nie na mense toe gaan as 'n profeet nie – gaan as 'n kind.

Laat Christus jou obsessie wees, nie die profetiese woord nie.

Daar mag geen twyfel in jou hart wees dat God jou geroep het nie.

Jou roeping is altyd net deel van Sy groot plan.

Die grootste roeping bly egter dat met jou uitleef in Sy koninkryk, jy moet verander om soos Jesus te wees.

Dit is die eerste roeping in jou lewe.

Soveel wat in gereedheid kom om die mantel van 'n leraar of 'n apostel of 'n berader te dra, sukkel egter nog met hulle karakter.

Daar is dalk nog 'n bouse gesindheid hier binne waarmee jy worstel.

Wees ook tevrede met die hoeveelheid talente waarmee jy begin.

God sal nie vir jou vyf talente gee as jy nie getrou was met een of twee wat Hy al gegee het nie.

Hy sal ook nie tien gee aan iemand wat nie met vyf kon wen nie.

Die volgende punt is om as 'n Christen te loop 'n sagtheid, eenvoud en nederigheid. Probeer altyd om andere hoër te ag as jouself. As jy dit kan doen, sal die gawes begin vloei met groot hoeveelhede genade. Sonder liefde sal jy in elk geval net 'n geraas maak. Daar moet geen plek vir trots en eiewaan wees nie.

Met betrekking tot die gawes wat Heilige Gees jou gee: Jy sal besef jy het die gawe ontvang, maar hoe om dit te gebruik en wanneer, is jou eie keuse. Jy kan presies vloei in die gawe, maar as jou tydsberekening en die plek nie reg is nie, sal niks gebeur nie.

Die groot les hier is om te besef dat jy uit jouself niks kan doen nie. Die Gees sal jou die geleentheid gee om te bedien, maar hoe jy dit doen is jou keuse. Jy sal deur mense bespot word as jy toelaat dat jou eie gees mense bedien. In die proses van gawes, help dit nie net om soos Jesus te probeer wees nie. Ons moet baie duidelik weet wat sê Sy Woord en hoe Hy werklik optree. Moet nie net verse memoriseer en dit opsê sonder om die diepte daarvan te ken nie.

Jesus het oor en oor aan ons gesê: Leer van My en by My. Wees bedag op mense wat wil inmeng en jou probeer 'dissipel'. Skielik as jy begin optree, is daar persone wat jou herder of jou mentor wil wees. Passop!

Niemand moet my voorstel aan iemand en sê: 'Ontmoet vir Jan, hy is een van my dissipels.' Wie dink jy is jy? Natuurlik gaan ons by ouer, meer ervare Christene raad en gebed vra. Ons sal selfs toelaat dat hulle ons bedien. Maar, mense kan ons net sover bystaan. Daar is ongelukkig 'n trotsheid wat volg waar leraars hulle studente probeer ontwikkel in hul eie weë en maniere. Dit kan nie werk nie.

Die salwing, die outoriteit, wat Christus is, sal jou alles leer. Heilige Gees sal jou in die volle waarheid lei. Daar is geen mens wat jou enigiets kan gee wat jy nie alreeds van Jesus ontvang het nie. **Skrif:** Ons is geseën met elke geestelike seëning in hemelse plekke in Christus.

Alles dui daarop dat God meer geïnteresseerd is in die boodskapper, as in die boodskap self. Die leraar is meer belangrik as die lering. As die boodskapper skeef is, sal sy boodskap skeef wees. As die voorganger verkeerd is, sal sy bediening verkeerd wees. In dit alles sien jy: Die Here van die werk is meer belangrik as die werk van die Here.

God het 'n oorfloed boodskappe. As Hy die geskikte boodskapper kry, sal Hy hom toerus met 'n oorfloed van boodskappe.

Dis waarom God lang tyd neem om mense te toets, voor te berei, te reinig, op te bou en disipline te leer, voordat Hy hulle loslaat.

Laat toe dat Hy dit doen. Moenie oorhaastig raak nie.

Heilige Gees gee jou die gawe in 'n oogwink.

Maar, die vrug in jou lewe, jou karakter, JY – ontwikkel oor baie seisoene. Moet nie te opgewonde raak oor jou gawe nie, maak seker dat die vrug van die Gees in jou is. Gaan, en dra baie vrug!

Lank nadat ons ouer word en die gawes weer ophou, moet die vrug nog altyd daar wees. Moet nooit vergeet dat jy net een van die lote van die moederplant is nie.

Verwag nou misverstande, verwag vervolging, verwag verkeerde optredes en verwag verwerping.

Dan sal jy nie verbaas wees as hulle kom nie.

As dit kom by "hou jou mond", gaan na die kruis toe sodat jy kan lewe. Leer om die hande te soen wat jou aan die kruis vasspyker, want soos wat jy verlaag word, sal Hy verhoog word.

Dit is nie 'n beter lewe wat jy moet verwag nie, maar 'n beter sterf aan jou self. Daar kan gee opstanding in jou lewe wees as daar nie eers kruisiging was nie. Daar is geen kroon sonder 'n kruis nie!

PRAKTIESE ADVIES:

* Wees versigtig vir die lofprijsing van mense en die aanvaarding van so baie, dit kan gevaarlik wees.

* Indien dit moontlik is, bly weg van geld of betaling.

Ons het alles net deur genade ontvang.

* Moet nie deel hê aan nuttelose gesprekke en argumente nie.

* Wees verigtig vir woorde soos: 'My bediening' en 'my woord'.

* Moet nie bang wees om tente te maak nie.

As jy wil eet moet jy werk.

* Wees bedag wat jy in die wêreld doen, hoe jy ander hanteer, hoe jy jouself en jou eiendom versorg. Borsel jou tande en kam jou hare!

DIE GAWE VAN TALE EN UITLEG VAN TALE

Dis 'n bonatuurlike manifestasie van Heilige Gees deur 'n mens. Talespraak en Heilige Gees kan nooit van mekaar geskei word nie.

Johannes 7:37-39;

'En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie'.

John G. Lake het geskryf:

'Wat mense nie besef is dat die krag van Heilige Gees werklike, voelbare, hemelse materiaal is. Dis net so werklik as elektrisiteit of enige ander voelbare krag, maar baie meer so, want dis die krag agter alles wat leef. Die geheim is net hoe om hierdie krag vry te stel.'

Ons kan nie funksioneer in die gawes van die Gees as ons nie in die liefde van God is nie. Die gawes word deur God aan Sy liggaam gegee om die werk van die bediening te doen.

Kom ons kyk na talespraak se rol: **Markus 16:17;**

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek'.

Talespraak is hier 'n teken wat deur gelowiges gebruik kan word.

Met die uitstorting van Heilige Gees lees ons in **Handelinge 2:1-4**

'Toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.'

Die woord wat hier gebruik word vir talespraak is 'glosolalia'.

Dit beteken in Grieks: 'Die taal van engele'.

Met die uitstorting het persone die dissipels duidelik hoor praat in 'hulle eie tale'. Hulle het dadelik besef dat hierdie manne nooit voorheen eers hierdie tale gehoor het nie.

Weer aanhaling van **John G. Lake:**

'Een dag het ek gestaan op 'n treinstasie in Logansport, Indiana.

Langs my op die bank het 'n groep Italiaanse werkers gesit. Hulle was op pad werk toe. Terwyl ek so sit sê ek: 'O, God, ek sou so daarvan hou as ek net met hulle in hul taal kan praat oor die lewende Christus en Sy krag om hulle te red'. Dadelik sê die Gees vir my: "Jy kan". Ek het dadelik oorgegaan na hulle toe en begin praat. Ek het besef ek is besig om Italiaans te praat met hulle. Dis 'n taal waaraan ek nog nooit voorheen blootgestel was nie. Hulle kon my antwoord en ek kon dit verstaan! Ek het gevra waar hulle vandaan kom en hul antwoord: "Napels". Vir vyftien minute het God my toegelaat om hulle die waarheid van Christus te vertel en van 'n God. Dit was vir my net 'n klein teken van God se grootheid. Ek het ook dadelik besef dat eendag gaan daar so 'n groot uitstorting van die Gees wees en dat God mense in al die tale van die wêreld gaan laat praat.'

Talespraak is 'n deel en teken van die teenwoordigheid van Heilige Gees. Dit mag ook 'n teken wees vir ongelowiges as die taal skielik vir hulle verstaanbaar is.

TWAALF REDES UIT DIE SKRIF WAAROM ONS IN TALE MOET PRAAT:

Let daarop dat Paulus baie keer net foute en probleme aangespreek het. Hy het selde lering oor talespraak gegee, want die spreek in tale was vir hulle 'n algemene ding.

1. Dit herinner ons dat Jesus die Here is en verhoog is.

Handelinge 2:33; 'Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.'

2. Dit is 'n teken van Gees-ervuldheid. Handelinge 2:4;

'En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.'

3. Om met God te kommunikeer – dierk en ongehinderd.

1 Korinthiërs 14:2;

'Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.

4. Dit stig ons: 1 Korinthiërs 14:4

'Hy wat in 'n taal spreek, stig homself.'

'Stig' beteken: 'Opbou van die woning'.

5. Dit herinner ons en maak ons meer bewus van die teenwoordigheid van Heilige Gees: Johannes 14:16-17;

'En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.'

6. Dit help ons om te bid volgens die wil van God:

Romeine 8:26;

'En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.'

7. Dit stimuleer ons geloof: Judas 1:20;

'Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid.'

8. Dit laat my Gees bid; 1 Korinthiërs 14:14;

'Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar.'

9. Jy sal goed kan dank: 1 Korinthiërs 14:17;

'Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie. Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal; maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in 'n taal.'

10. Dit help om die liggaam te beheer; Jakobus 3:2;

'Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou.'

Ons woorde is altyd so belangrik.

Dit is beter vir my om in tale te praat en te mediteer wat ek moet sê.

Dit werk so goed en voorkom kompetisie is ons.

11. Die spreek in tale moet aangemoedig word:

1 Korinthiërs 14:39;

'Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gesprek word nie.'

1 Korinthiërs 14:15;

'Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.'

12. Dit help ons in geestelike oorlogvoering: Efesiërs 6:18

'Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.'

DIE UITLEG VAN TALE IN GEMEENTE:

Dit moet ordelik geskied – een tot drie. **(1 Korinthiërs 14:27)**

Die taal wat gebring word moet uitgelê word. **(1 Korinthiërs 14:28)**

Die uitleg is die woord van stigting en bemoediging aan die byeenkoms. Nie die taal self nie. **Wanneer?**

- * Geen duidelike aanduidings nie.
- * Wanneer jy die salwing ontvang, spreek dit uit.
- * Soos die verhouding tussen jou en God groei en jy hom beter leer ken, sal jy weet wanneer om te praat.

Uitleg: Dis nie 'n vertaling van die taal wat gebring is nie.

Dit hoef nie noodwendig dieselfde tydsduur te wees as die taal nie. Normale stemtoon asseblief! Indien jy die gawe van Tale ontvang het, beywer jou vir die uitleg ook.

HOE KOM DIE GAWE VAN SPREEK EN UITLEG VAN TALE?

- * Kyk op na God, Hy kies Sy boodskappers.
- * Jou eerste opdrag is om te probeer om soos Jesus te wees. Soek Hom eers en alles sal later bygevoeg word.
- * Moet nie net Sy Woord ken nie. Maak seker jy verstaan ook Sy maniere en wyses.
- * God sal aan jou 'die Wat' gee. Die 'Wanneer' en die 'Hoe' moet jyself uitwerk.
- * God is meer geïnteresseerd in die boodskapper as in die boodskap. As die boodskapper skeef is, is die boodskap skeef.
- * God het 'n oorvloed boodskappe. As Hy die geskikte boodskapper vind, sal die woorde uit hom stroom.
- * Wag met afwagting vir Heilige Gees om jou toe te rus.

HEILIGE GEES IN DIE GEMEENTE

Die werking van die Heilige Gees in die gemeente is vandag meestal beperk tot 'n baie klein groepie in die kerk.

Die gemeente is maar slegs betrokke by 'n voorafgereelde program soos die sing van liedere en soms gesamentlike gebede en later net die nou-en dan 'Amen' sê.

As ons werklik kyk na die werking van die vroeë kerk in die Bybel, sien ons 'n baie groter betrokkenheid van die hele gemeente.

Dit was moontlik agv. die bonatuurlike teenwoordigheid en krag van Heilige Gees wat gewerk het in en deur die gelowiges.

Die beginsel is: Gee van jouself en jy sal meer ontvang as wat jy gegee het.

Een belangrike aspek is om te besef dat die bonatuurlike gawes van die Heilige Gees nie net gegee is aan individue nie.

Dis eintlik gegee om slegs deur 'n persoon te werk, maar dis primêr bedoel vir die hele gemeente.

Om die gawe van genesing te ontvang is nie vir jou alleen nie – dis om deur jou te werk om mense te genees. Hulle ontvang nou die geskenk – die geskenk van genesing, deur jou.

Dis alleenlik wanneer dit deur die grootste deel van die gemeente beoefen word dat die doel van die werking van Heilige Gees eers werklik verstaan kan word.

As ons lees wat Paulus ons leer in 1 Korinthiërs 12 word dit duidelik.

1 Korinthiërs 12:7-11;

'Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.

Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil'.

Dit is tog duidelik dat hierdie gawes aan mense in die gemeente gegee word met die oog op wat nuttig is vir almal.

In **1 Korinthiërs 12:27** beskryf Paulus die gemeente as 'n liggaam met baie lede. Hy eindig in **vers 27** met hierdie woorde: 'Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik'.

Die doel van die geestelike gawes is nie net die bediening van 'n persoon nie, maar vir die lewe en aanbidding van die hele gemeente. As iemand in die gemeente genees word, stig dit die hele gemeente. Hierdie waarheid is duidelik in **vers 28**:

'En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale'.

Paulus praat hier van heelparty bedieninge en bonatuurlike gawes van Heilige Gees en hy sê duidelik: 'En God het dit in die gemeente gestel'.

Dit beteken dat die gawes definitief nie net daar is vir private gebruik deur persone nie, maar vir publieke manifestasie in die kerk – die hele gemeente van God as 'n geheel.

En weet dat God nooit iets aan Sy kinders gee as Hy nie beplan dat jy dit moet gebruik nie. Jy moet vashou daaraan dat alles vir jou moontlik is as jy glo. Die kerk wêreldwyd het vasgeval in 'n situasie waar dit nie so werk nie.

Kom ons kyk verder na wat Jesus gesê het met Sy bergpredikasie.

Mattheus 5:15;

'En 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is'.

Hy praat hier van 'n 'lampstaander'.

Daar is twee simbole wat Jesus hier gebruik:

(1) 'n Lamp en (2) 'n lampstaander of kandelaar.

As ons na die lampstaander of kandelaar kyk, sien ons in **Openbaring 1:20;** 'En die sewe kandelaars is die sewe gemeentes'.

Dwarsdeur die Bybel word die lampstaander of kandelaar gesien as 'n simbool van die gemeente of die kerk.

Die simbool van die lamp wat hoog staan en skyn is die simbool van die gees van die gelowige. Dit is gemaak om te brand en te skyn deur

die vuur van die Heilige Gees in hom.

Dit kan ook gesien word dat die skynende lamp beteken dat so 'n persoon vervul is met die Heilige Gees en met vuur.

Dit is waarom Jesus in **Mattheus 5:15** sê: 'n Lamp wat onder 'n leë maatemmer staan is uit plek uit en waardeloos.

Net soos die skynende lamp op 'n staander, so behoort die geesvervulde persoon sy regmatige plek in die gemeente op te neem. 'n Persoon wat die vervuldheid van die Heilige Gees het, maar nooit iets doen wat vir andere tot nut is nie, is soos 'n lamp onder 'n maatemmer.

Waarom is jy geesvervuld? Net vir jouself?

Jesus sê: 'Nee, dis vir die gemeente ook'.

Ons sien in die Woord dat die vervuldheid met Heilige Gees en die bonatuurlike manifestasie van Heilige Gees bedoel is om 'n effektiewe deel te wees van die daaglikse lewe en aanbidding van die hele gemeente.

Wanneer die teenwoordigheid en die krag van Heilige Gees elke dag in die publiek getoon word deur die gelowiges, sal die hele lewe en die aanbidding van die gelowiges in die gemeente verander.

In die gemeente is dit die doel dat die hele bediening nie net op een of twee persone moet rus nie, terwyl die res passief net sit en kyk nie. Inteendeel, 'n groot groep van die gemeente moet aktief betrokke wees met die bediening. Lidmate moet mekaar begin bedien en nie net een of twee wat die hele gemeente bedien nie.

Hierdie was die doel van die lering van Paulus aan die Korinthe.

Petrus voeg by in **1 Petrus 4:10-11**;

'Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen'.

Petrus sê ons moet almal toegerus wees vir bediening soos dié. Deur God se genade kan elkeen in die gemeente 'n spesifieke bediening kry om ander mee te bedien.

Let mooi op Petrus se woorde: 'Namate **elkeen** 'n genadegawe ontvang het'. 'As **iemand** spreek ..as **iemand** bedien' is 'n aanduiding dat dit vir ons almal is in die kerk.

Paulus gee ook vir ons 'n prentjie van die gemeente :

Romeine 12:3-8;

'Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het. Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid'.

Die Nuwe Testamentiese kerk – die eindtyd-kerk is 'n prent van 'n aktiewe gemeente met elke lidmaat wat sy rol vervul soos deur Heilige Gees aan hom/haar gegee.

Mense onthou: Wat agter ons lê, en wat voor ons lê, is maar net iets kleins in verhouding met wat in ons lê.

Indien ons voortbou op die patroon van die hedendaagse kerk sien jy net 'n paar aktiewe lidmate. Dit is soos 'n liggaam met 'n kop, 'n hand en dalk twee voete en die res van die liggaam is verlam!

1 Korinthiërs 12:7;

'Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is'.

Dis baie duidelik dat dit God se wil is dat ons almal moet vloei in die gawes van Heilige Gees. Indien dit gebeur sal dit 'n aanduiding wees dat die bonatuurlike nou in werking is.

Dit is tog nog altyd God se doel dat Sy koninkryk moet kom hier op aarde. Hoe gaan dit tog anders werk?

As al die gelowiges in die gemeente nie 'n bydrae maak nie, is dit nie God wat Sy gawes terughou nie. Nee, dit is gelowiges wat agv. ongeloof of minderwaardigheid nie hulle regmatige plek inneem nie. Onthou: God sal vir jou enige iets doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles doen wat Hy jou vra.

Die gawes en hoe dit werk en moet funksioneer speel dus 'n baie belangrike rol. Christene se groot verweer is altyd: 'Ek weet nie wat my gawes is nie'. Lering aangaande die gawes sal gegee word. Die Heilige Gees gee gawes aan ons – vra Hom wat jou gawe is.

NA SY TEENWOORDIGHEID KOM SY KRAG

In ons strewe om in God se teenwoordigheid in te gaan, berei ons ook die pad voor om later in Sy krag te beweeg.

Die einddoel van hierdie wonderlike verhouding met God is tog om krag te ontvang om Jesus Christus te dien in die spesifieke area waarin Hy jou roep.

Jesus het so duidelik vir ons kom sê in **Handelinge 1:8**;

'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees'.

Ons lewe in tye waar die liggaam van Christus verseker krag nodig het om staande te bly.

Dis alleenlik die wonderwerkende krag van God wat die oorfloed van sonde en siekte kan oorwin wat die wêreld oorstrom.

Swakheid is nie ons erfenis as Christene nie, maar so baie het daarin verval en het maar tevrede geraak om so te lewe.

In ons verhouding met God moet daar eers 'n dimensie van Sy teenwoordigheid kom, voordat Sy krag kom.

Sy kragdimensie is nie die vervulling met die Heilige Gees nie, alhoewel dit deel is daarvan. Die salwing lê in Sy krag – krag om Hom te dien.

Daar is 'n tyd dat jy verseker weet dat jy vervul is met die Heilige Gees. Daar is gewoonlik manifestasie van die vervulling.

Net so sal jy ook weet wanneer die kragdimensie gekom het.

Dit kom op al die vlakke in – geestelik, emosioneel en fisies.

Dis so belangrik dat ons móét weet dat hierdie twee vlakke – die teenwoordigheid en die krag – God se begeerte is vir elkeen van ons.

Daar kom 'n tyd in jou lewe dat die sagte stem van die Heilige Gees jou gaan lei.

As jy in hierdie tye nie gehoorsaam is nie, gaan die geleenthede verby.

Ons mag niks belangriker ag in hierdie tyd, as Sy begeerte om ons te leer nie. Moet nie dat ander dinge die plek in jou lewe inneem wat aan God behoort nie.

Jy mag voel dis moeilik, maar dit is die prys vir Sy krag en salwing.

Die prys wat elkeen van ons moet betaal is die prys van gehoor- 2
saamheid.

Daar is die verhaal van die prediker wat skielik in die geselskap gekom het van 'n man van God. Elke keer as die man net naby hom kom, het hy gevoel sy bene word lam. Soms het hy net 'n gevoel oor hom voel kom as hy net na hierdie man gekyk het.

Hy vra toe: 'Here, laat U salwing ook op my lewe wees soos wat dit in hierdie man is'.

Die Here antwoord hom: 'Betaal die prys, en Ek sal dit vir jou gee!'

Wat is die prys? **Handelinge 4:13;**

'En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken' – dat hulle saam met Jesus was.

Dit is die sleutel: Om saam met Jesus te wees. Nie net vir 'n paar minute elke dag nie, maar gedurig, oomblik vir oomblik.

Dis wanneer die volheid van Sy krag 'n werklikheid gaan word.

As ons eers net besef wat die bekragtiging vir ons inhou en watter diepte daarin is, sal ons meer ernstig na God se teenwoordigheid soek.

MET WOORDE EN DADE:

Dis almal se begeerte om te begin beweeg in die gawes van Heilige Gees. Die werklike krag van God kan alleenlik begin vloei as ons ons woorde en daede saam laat funksioneer.

Handelinge 1:1; Lukas skryf:

'Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het'.

In God se Woord sien ons altyd Jesus leer en doen daarna. Dit het mens everander. Teologie sonder daede is dooie godsdiens.

Ons sien dieselfde toe die eerste kerke gevestig word op aarde.

Handelinge 8:5-6;

'En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig. En die

skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen’.

Die feit dat ons stelselmatig verval het in ’n teologie met mooi woorde alleen, is ’n teken dat Satan die kerk oneffektief gemaak het. Dit was nog altyd sy taktiek: Maak hulle stil en rustig, en niks sal verder gebeur nie.

Die massas in die Bybel het nie agter Jesus aangeloop omdat hulle aan ’n kerk wou behoort nie. Hulle wou hoor van Sy koninkryk en hulle wou die tekens en wonders wat Hy gedoen het, gesien en ervaar het. Dis vandag nog mens se begeerte.

Jesus Christus het aan hulle Sy koninkryk aangebied nadat Hy aan hulle Sy krag getoon het. Dwarsdeur die Evangelies is dit ’n kenmerk van Sy bediening.

Die dag as ons begin uitgaan om die oes in te bring, is hierdie so belangrik. Daar buite is so baie mense wat skepties staan teenoor Christenskap en wat ons wantrou.

Maar, so dikwels word hulle harte sag as hulle die tekens en wonders sien wat jy doen. Na die eerste genesing en bevryding wat daarop volg, is daar ’n roering in hul binneste. Dis dan soveel makliker om hulle vorentoe te roep om hierdie Jesus te aanvaar.

Maar, dis nie net buite met die ongereddes nie. Te ’n groot deel van die kerk wêreldwyd was nog nooit blootgestel aan ’n Jesus wat wonders kan doen nie. Dis asof dit geskiedenis is.

Die boeke is nou toe en weggebêre. Ons wil almal soos Jesus wees maar wat Hy regtig gedoen het, is vergete.

Dis ons verhouding met Heilige Gees waaroor alles gaan. Daar is twee belangrike dinge om te weet: Om balans in jou karakter te kry is dit goed om te weet wanneer jy Heilige Gees bedroef, en wanneer blus jy Heilige Gees uit.

*** Moet nie Heilige Gees bedroef nie.**

Efesiërs 4:30;

’En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing’.

Die Griekse woord hier beteken: 'Bedroef, om hartseer te maak of treurig te maak'.

Hoe bedroef ons Heilige Gees? Ons doen dit deur slegte of bose gesindhede wat in ons is en nog nie hanteer is nie.

Dis woedeuitbarstings, skinder en argumente wat ons volg. Ons bedroef ook Heilige Gees as ons as Christene betrokke raak by sondige praktyke.

As ons nog lewe in kwaad, haat en misleiding, verhinder ons Heilige Gees om deur ons te vloei.

*** Moet nie Heilige Gees uitblus nie:**

1 Thessalonicense 5:19;

'Blus die Gees nie uit nie'.

In Grieks beteken dit: 'Uitblus, onderdruk, blokkeer óf om die vloei te verhinder'.

Jesus het gesê: Strome van lewende waters moet deur ons vloei. Dit beteken nie druppels nie – dit beteken riviere! Gedurende 'n diens óf as ons bymekaar kom, mag die vloei van die Gees nooit verhinder word nie.

Die oomblik as dit gebeur kan Heilige Gees nie die 'iets' doen wat Hy beplan het vir die groep nie.

Om 'uit te blus' beteken om die vloei te stop óf dit te laat opdroog. Wanneer ons haat, bitterheid, afgunstigheid en sonde toelaat in ons lewens, verhinder ons die vloei van Heilige Gees in ons eie lewens ook.

Daar is soveel van ons in die kerk met geblokkeerde poorte en in gebondenheid. Soms moet ons meer van verlossing en bevryding toelaat tydens ons dienste om dit te kan help.

As ons Heilige Gees ten volle toelaat hier in die kerk, kan Hy 'n groot werk in jou doen, sonder dat iemand spesifiek vir jou gebid of bedien het. Sit net hier en vra vir Hom. Hy sal kom.

Terwyl ons in 'n diens sit en die vloei van Heilige Gees word verhinder, kan ons net sowel die diens mooi afsluit en huistoe gaan.

Deur wat vloei Heilige Gees in die gemeente?

Deur die intersessie en voorbidding wat die diens voorafgegaan het, deur die lofprijsing, deur ons aanbidding, deur die profetiese woorde,

deur die gebede vir mekaar, die woord wat uitgaan en die bediening aan die einde. Elke aspek is ewe belangrik.

Maar, die belangrikste is my eie gees. Dis my geesmens wat ontvanklik moet wees. Heilige Gees is hier om elkeen van ons aan te raak, om elkeen te bemoedig, vir elkeen wysheid en die onderskeiding van geeste te gee, vir elkeen 'n openbaring te gee en antwoorde op ons vrae. Hy is hier nou.

Dit gebeur net so terwyl ons hier saamkom in Sy Naam.

Dit is waarom ons voorbereid hier moet instap om van Heilige Gees te ontvang dit wat jy nodig het.

Wat mense hier doen, speel dan maar net 'n klein rol.

Ek kom op baie plekke en in baie kerke en het opgemerk: Hoekom kan die mense en die predikant wat die Here liefhet, nie die krag van God in hulle lewens ervaar nie?

En, dis nie altyd die leraar wat Heilige Gees in sy eie lewe uitblus nie. Dis gewoonlik die bediening wat nie voorsiening maak vir die vry vloei van profetiese woord, bid vir die siekes en die gawes in die diens nie. Elke keer as daar vloei is van Heilige Gees, word dit verhinder. Later gebeur daar nie meer regtig iets nie en gaan daar iets verlore wat God beplan het.

Dis wat godsdiens en tradisie aan ons doen.

Eksel self het tyd spandeer om te bely oor die dae en jare wat ek self nie Heilige Gees sy vrye vloei gegee het nie. Nie net in my eie persoonlike lewe nie, maar ook in die groepe wat ek gelei het.

Ek het so hard probeer. Ek weet dat ek self nie van beter geweet het nie, maar dis geen verskoning nie.

Mense in 'n groepie, in 'n kerk of wanneer hulle bymekaar kom, is afhanklik van die leiding van die voorganger.

As daar nie vloei in sy eie lewe is nie, is die kans skraal dat hy dit sal kan oordra na jou lewe toe.

* Die uitblus van Heilige Gees, affekteer jou karakter.

Daar sal maar net nie totale oorwinning kom nie.

* Die bedroef van Heilige Gees, affekteer jou krag.

Daar is kragteloosheid in jou bediening.

Enige bediening wat nie gefokus is daarop om in die volheid te beweeg nie, gaan nog sukkel om die oes in te bring.

Waarom is dit dan belangrik dat sekere tekens moet volg op die prediking, of na 'n gebedsessie, of in 'n kleiner groep ook, óf dan as ons besig is met evangelisasie?

Wat wil ons bewys deur tekens? Die een belangrike rede vir 'n bonatuurlike lewe of wonder-werke is om onmiddellik en onbetwisbaar bewys te lewer van wat God wil hê op aarde moet gebeur. Dit wys wie God waarlik is deur te openbaar wat Hy kan doen en hoe Hy werklik lyk.

Ons moet altyd onthou dat die meeste ander godsdienste geen kragdimensie besit nie.

Daar is geen krag in Hinduïsme of Boeddisme en so meer nie. Hoekom nie? Hulle dien dooie gode wat maar net geen rol hier op aarde in hulle lewe kan speel nie.

Hoeveel krag is daar in Islam? Niks nie. Allah is 'n dooie kragteloze wese. Ongelukkig het dié godsdien mense radikaal gemaak en dis 'n probleem.

Mense en navolgers is die probleem, nie die krag van die god wat hulle volg nie. Hulle wapens is die probleem.

Wat het Jesus oor Sy eie bediening gesê? 'My koninkryk is nie 'n koninkryk van praatjies nie, maar van krag!'

Die Here sê vir ons: 'Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie. Laat julle omvorm word deurdat die Here julle denkpatrone kan vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen'.

Een van ons belangrikste take is om vir die wêreld te wys hoe God is. Dis waarom Hy jou wil gebruik om die vyand se werke in jou en in ander mense te vernietig. Ons moet nie net mense wees wat die regte dinge van God glo nie, maar mense wat God se wil kan openbaar sodat andere kan besef hoe God werklik is.

Hoe gaan ons ooit vir die wêreld wys dat God vir ons lief is, as ons nie ander kan liefhê en mekaar nie kan vergewe nie?

Soms wil ons met moeilike dinge stoei in ons lewe, maar laat ons liewer hierdie jaar aan onself werk.

Die wêreld wil soos in Jesus se tyd, iets sien ook.

Genesing, verlossing en herstel doen soveel meer as om slegs mooi woorde te deel. Dit gee aan mense 'n tasbare bewys van wie God is.

In die bonatuurlike gee Jesus aan ons 'n versekering: 'Julle sal op slange en skerpioene trap, en moet nooit dink dat Ek julle alleen sal laat nie'.

Toe Jesus dit gesê het, het hy alles herstel soos wat die oorspronklike plan was. Hy het die doelwit wat Hy vir mens het, hierdeur vir ons moontlik gemaak.

Ons moet dit net met al ons krag nastreef.

Ons, die kerk, is geroep om Sy heerskappy in hierdie aardse sfeer uit te brei. Ons sien dit in elke opdrag wat in die Nuwe Testament gegee is. Eers aan die twaalf, toe aan die sewentig en daarna as deel van die Groot Opdrag.

Dit kom kortliks neer op: Gaan genees die siekes, verkondig die goeie nuus, wys vir die mense wie Ek is en hoe Ek lyk.

Brei my koninkryk uit.

Die kerk bedoel dit so goed, maar ons probeer die opdrag op ons manier uitvoer terwyl ons eerlik dink dat ons ons aan God onderwerp. Dis onmoontlik om God se wil op aarde uit te voer tensy 'n mens geheel en al aan Sy oorspronklike opdrag toegewy is.

Mag ons deur Sy genade die wysheid en die krag kry om dit uit te voer. Almal van ons.

Belydenis en gebed:

Heilige Gees, hoeveel keer het ons nie U vloei uitgeblus en U bedroef nie?

Hoeveel keer wou U iets in ons lewe gedoen het, maar ons het dit blokkeer? Miskien omdat dit ons nie gepas het nie. Heilige

Gees, hoeveel keer het U vir ons gevra om vir Andries te bid, maar ons het nie! Vergewe

ons Vader. Ons bely dit as sonde en vra U vergifnis. In

Jesus Christus se Naam.

AMEN.

OM TE WANDEL IN KRAG

In ons soeke na volkome heiligheid en die nastreef om in outoriteit te kan leef, kom daar 'n tyd dat jy in krag moet begin wandel as deel van die salwing oor jou lewe.

Ek glo dat elkeen van ons geroep is om in 'n bediening te staan. Hierdie bediening kan net beteken om in liefde te wandel met ander, óf om mense te bemoedig, óf om 'n getuie te wees vir Jesus. Dit kan meestal net dit wees.

Om mense te bedien beteken dat jy heel eerste moet manifesteer in die beeld van Christus. Waar manifesteer Christus? Hy manifesteer in Sy volheid waar daar 'n vertoning van Sy beeld is. Op geen ander plek nie, want Hy soek mense wat 'n ewebeeld van Hom is.

Hoe gaan ek ooit in God se ewebeeld kom?
Hoe gaan ek ooit kan wandel in krag?

1. Om te sterf aan jouself – die 'ou mens' of die vlees.

Jesus Christus word gekruisig en staan die derde dag op in oorwinning. Daar was bonatuurlike krag nodig om dit te kon doen. Dieselfde geld ook vir ons.

Om in hierdie opstandingskrag te kan beweeg, moet ons ook dieselfde tipe kruisiging deurgaen om daarna in krag te kan beweeg.

Galasiërs 2:20; 'Ek is met Christus gekruisig'.

Dit is 'n verklaring wat dui op die dood van die 'ou mens' of die wêreldse gees wat nog in my was. Dit is die belangrikste vereiste vir die krag van die opgestane lewe om deur ons te vloei.

Ons is nog altyd geleer om te lewe vir Christus, maar al hoe ons dit ooit sal regkry is om dood te gaan aan onself.

Ons kan nie vir Hom lewe as ons self nog nie gesterf het nie.

Ons moet werklik gekruisig word saam met Christus om ons in staat te stel om in Hom te leef.

Hierdie verwys nie na 'n fisiese of geestelike dood nie.

Jesus het alreeds die prys betaal vir ons sonde en die dood.

Die sterf aan onself is die aflê van ons vleeslike begeertes. Alles wat ek beplan om nog in die vlees te doen en te behaal, bly my probleem.

Mense, die duiwel is nie jou grootste probleem nie.

Die probleem is daar as jy nog deur jou siel en emosies beheer word, en nie deur jou gees nie.

Jesus het 'n aaklige dood vir ons gesterf en al wat ons nou nog moet doen is om aan onself te sterf.

Dit is die enigste manier hoe ons krag sal ontvang om te stap in Sy krag. Elke keer as ons sondige natuur na vore kom, blokkeer dit die krag van God in ons lewens – dit is die belangrikste les van hierdie lering.

Die vraag word so baie gevra: 'Wat moet ek nog doen om in Jesus se krag te beweeg?' Die antwoord bly dieselfde:

'Solank as wat daar nog iets van die sondige natuur oor is in jou, sal dit nie vloei nie. Jy moet lewe in die gees'.

Ek self het 17 jaar van Christen-wees so vermors.

Vol van Christus, maar sonder Sy krag.

Maar, in die jaar 2000 het God 'n afspraak met my gehad.

Ek was desperaat oor my totale doofheid en die liples en om afgesny te wees van mense. Dit wat Hy wou hê dat ek moes ervaar, kon niemand in daardie stadium my mee help nie. God stuur my weg – nie net om gesond te word nie, maar ek leer ook hoe om in Sy koninkryk in te stap.

Ek sal altyd herhaal: Daar moet 'n dag in jou lewe kom dat jou kop oopgaan. Iets moet kliek hier binne.

In baie gevalle moet daar dalk eers desperaatheid ook wees.

Om te lewe in koninkrykskrag is vir elke gelowige moontlik.

Die oomblik dat dit in ons lewens inkom, sal ons dit kan bedien as genesing, bevryding, profetiese woorde en woorde van wysheid aan ander. Dis presies wat met my gebeur het. Daardie eerste paar jaar het ek gesterf aan myself en dit was die ergste leerskool van my lewe.

Jesus sê vir ons in **Johannes 12:24-25**;

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe'.

Die deel wat sê: 'Wie sy eie **lewe** liefhet', beteken die volgende. 'Lewe' hier beteken **jou siel** of **die area van jou persoonlikheid**. Die siel bestaan uit jou gedagtes, jou emosies, jou wil en die keuses wat jy maak. Dit is die sentrum van ons gevoelens, ons begeertes, ons gemoed en ons voorkeure.

Vers 25 sê: As ons nog ons eie siel – dit wat ons dink en voel en begeer, liefhet, sonder om dit na te streef wat God wil hê, sal ons geestelik dood wees. Maar, as ons ons eie begeertes kan hanteer – of wegdraai van die 'gees van hierdie wêreld', sal ons die ewige lewe en goddelike krag ontvang hier op aarde.

Mense, as ek nie elke dag sien dat hierdie dinge gebeur nie, sal ek nie daarvoor praat nie. Daar is soveel van julle wat so 'n begeerte het vir 'n dieper verhouding. Ons sien dit hier gebeur en dit maak my opgewonde. Wanneer gaan dit kom dat jy ook vir 'n sieke gaan bid. Jy wil ook opstaan en profeteer.

Dis so belangrik om te beseft dat ons nie die lewe van selfsugtigheid en die koninkrykslewe, gelyk kan lewe nie.

Dit is onmoontlik vir ons om albei gelyktydig te hê.

'n Mens moet die een lewe aflê om die ander een te kan ontvang.

Ons moet uitstap uit die ou lewe om die nuwe lewe te kan ontvang.

Hou op om net vir jouself te lewe. Die oomblik dat ons sterf aan ons self, begin die ander Persoon, Christus, lewe in en deur ons.

Galasiërs 2:20

'Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my'.

Ons moet totaal verander want ons sondige natuur is nou dood.

Gewoonte-sonde kan ons nie meer beheer nie want ons beheer nie meer onself nie – ons word beheer deur ons gees en nie meer ons siel nie.

Gewoontesonde beteken dit wat my beheer – my verslawing, my haat, my onvergewensgesindheid, my seksuele wellus, my kwaad, my jaloesie en my minderwaardigheid.

Hoekom kom julle nie vry daarvan nie?

Net gister het ek 'n pyn in een van my krom vingers.

Die eerste gedagte wat by my opgekom het was: 'Watter pil kan ek daarvoor gebruik?' Dis my siel wat so sê! My gees sal sê: 'Bid, kom reg en laat ons aangaan!'

Die eerste wat moet sterf, is ons eie begeertes.

Ons begin nou om te doen wat Christus wil hê ons moet doen.

As ons by hierdie punt gekom het, is ons gereed om te begin leef deur die geloof van Christus. Let mooi op: Nie geloof **in** Christus nie, maar deur die geloof **van** Christus, want Hy is dan nou in jou.

Die bewys wat ons het dat Jesus self dood was aan Sy eie siel, sien ons in die tuin van Getsemane.

Hier het Hy getoon dat Hy dood was vir homself voor die kruisiging, toe Hy kon bid:

Mattheus 26:39;

'My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil'.

Jesus het Homself hier verneder en dit is waarom God Hom kon verhoog. Om in die koninkrykslewe te bly lewe, moet ons voortdurend onself verloën.

Dit beteken om jou eie begeertes te laat vaar of te onderdruk.

Lukas 9:23;

'En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis (sy staf van outoriteit) elke dag opneem en My volg'.

Om Jesus die volle reg te gee om deur ons te werk, moet ons begin om Sy wil te doen, nie ons eie nie.

Ons moet voortdurend dink wat Jesus sou gedoen het in hierdie geval, in plaas van om deur ons eie gedagtes gelei te word.

As ons dit gaan regkry sal ons oorfloed vrug in ons lewe ontvang.

Ons sal lewe in die mate wat ons bereid is om alles wat negatief is, af te lê.

Paulus sê vir alle Christene in **Kolossense 3:1-3;**

'As julle dan saam met Christus opgewek is, (jy is ook nou gekruisig saam met Jesus en het ook opgestaan uit die ou lewe - maw.

'opgewek is') soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, (gesterwe aan julleself) en julle lewe is saam met Christus verborge in God'.

Die belangrike ding hier is nie net ons geloof nie, maar om op die punt te kom van die einde van jouself. Hierdie is 'n lewenslange

proses. Elkeen van ons sal nog 'n duisend dode sterf voordat ons by die laaste dag gaan uitkom.

Wat dan is die tekens dat ons aan onself gesterf het?

Die oomblik dat ons daar kom sal alle weerstand van ons kant af begin verdwyn. Jy sal ophou om teen jouself te baklei en teen jou medemens en teen God te baklei.

Die gevolg sal wees dat ons stelselmatig sal sterf aan onself en word ons so God se eiendom. Dis wanneer jy nie meer omgee wat ander mense sê en wat hulle aan jou doen nie.

Dis wanneer ons nie meer omgee wat die dokter se verslag sê, want ons vertrou ten volle in God se krag. Dis die punt dat jy besef: 'Ek het niks meer om te verloor nie'. As daar nog weerstand en baklei oor is, word ons nog steeds deur ons sondige natuur beheer.

God het ons nie gemaak dat ons aanhoudend bekommerd moet wees wat ander van jou dink of wat jy tel in hulle boekies nie. Hy het jou gemaak om te blom daar waar Hy jou geplant het. Gaan net aan om Hom te aanbid en lief te hê.

2. Ontvang jou erfenis van die opstandingskrag:

Efesiërs 1:18-20;

'Sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele'.

Die kerk is gebore uit die opstanding van Jesus Christus.

Vandag is ons hier op aarde die voortsetting van Sy opstanding.

Ons is die erfdeel in Christus, maar ons kan alleenlik die rykdom en die krag ontvang in geloof.

Hierin sal die heerlijkheid vandag groter wees as wat dit in die verlede was. Die vorige heerlijkheid het gestrek vanaf die profete in die Ou Testament tot by Johannes die Doper in die Nuwe Testament.

Jesus Christus was die brug tussen die vorige heerlijkheid en die nuwe. Die laaste groot heerlijkheid was slegs moontlik deur die opstanding van Jesus.

Wanneer het die heerlijkheid die laaste keer gekom?

Dit is vrygestel in die bokamer op die dag van die uitstorting van Heilige Gees.

Ons weet dat daar weer so 'n uitstorting sal wees.

Hierdie keer nie op 'n groep in 'n kamer nie, maar op elkeen wat 'n begeerte in sy hart het om deel te wees van Sy groot beweging.

Ons het die feite van Christus: Hy het opgestaan en lewe!

Daarom is dit ons plig vandag om hierdie opstandingskrag wat nou in ons is te gaan demonstreer aan die wêreld.

Dit sal gesien word in die bekering van miljoene mense, tekens en wonderwerke, die bevryding van demoniese magte en die opwekking van die dode.

Hierdie taak is nou ons taak, kerk.

Boodskap aan die kerk vandag:

As die openbaring van die opstandingskrag afwesig is in die kerk, sal daar geen bonatuurlike krag in die kerk wees nie.

Ek bid dat die vingerafdrukke wat ons nalaat op die lewens wat ons gaan aanraak, dat dit uit liefde en sagtheid sal wees.

Dat die voetspore wat ons gaan nalaat soos ons loop deur die lewe, spore van goedheid en krag sal wees.

TOEGERUS MET KRAG UIT DIE HOOGTE

Lukas 24:44;

'Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan'.

Die Here God is tans verseker weer besig om ons verstand te open om te verstaan wat Hy besig is om te doen.

God gaan dinge in ons lewe doen en toelaat wat nie huidiglik verstaanbaar vir ons is nie. Wat gaan ons reaksie wees as Hy ons Harare toe stuur in Zimbabwe met die opdrag: Gaan sing en loop om die stad sewe keer en as julle saam hard skreeu, sal ek die stad in julle hand gee?

Pas dit in by jou huidige godsdiens?

Pas dit in by die tradisies waaraan jy vashou, of moet ons dalk die manier van dink verander?

Dit het voorheen gebeur en mag dalk weer gebeur.

Lukas 24:49;

'Kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte'.

Jesus is hier besig met Sy laaste onderwysing aan Sy dissipels. Hy is besig om openbaring aan hulle te gee hoe om in Sy Naam te gaan en God se krag aan almal te bewys.

Die uitstorting van Heilige Gees sou net daarna plaasvind. Dieselfde opdrag is vandag nog die standaard vir ons almal.

Jesus beklemtoon met hierdie laaste lering van Hom drie dinge.

Hy sê: * **Bly in die stad.**

* Julle moet **toegerus** word.

* Met **krag uit die hoogte.**

Eerstens: Die woorde wat Jesus hier gebruik, '**bly in die stad**', beteken in Hebreeus 'om te gaan sit' of 'om in rus in te gaan'.

Om te gaan sit beteken hier verseker nie om te gaan sit en niks te doen nie. Hierdie is 'n deel wat te doen het met outoriteit.

Dit gaan saam met die volgende vers:

Efesiërs 2:6;

'Ons is saam opgewek en saam laat Hy ons sit in die hemele in Christus Jesus'.

Hier kry ons die beeld dat ons saam met Jesus sit op die troon. 2
Dié troon is 'n sitplek in outoriteit met Christus.

Hier kan ons net soos Jesus regeer en in outoriteit beweeg.

Jesus het eintlik aan Sy dissipels gesê: 'Moet nie nou gaan nie. Wag totdat julle geleer het hoe om op die troon te sit en hoe om te heers oor skepping'. Daarna het Hy aan hulle krag en outoriteit gegee om te heers en te regeer.

Hoekom moet ons leer hoe om op die troon te sit?

- * Om in die politieke arena te regeer in outoriteit,
- * Om in die wetlike en staatsarena op te tree, en
- * Om in die geestelike realm te heers.

As ons die deel van 'sit saam op die troon' lees, is dit presies dieselfde wat met Jesus gebeur het toe Hy aan die regterhand van God gaan sit het.

Jesus het vanuit God se troon geleer en gepraat, die woorde wat Hy by Vader gehoor het. Dis waarom Hy in outoriteit kon leer. Ons moet nou leer om dieselfde te doen. Van vandag af moet jy elke keer as jy praat of leer of preek, dit doen vanuit die troon van outoriteit. Dis al hoe ons God se aanmoediging gaan kry.

Jesus Christus is opgeneem in die hemel om te gaan sit op die troon. Vandaar het Hy Heilige Gees aarde toe gestuur. Dis nou ons beurt om te gaan sit op die troon en dieselfde outoriteit uit te oefen.

Die tweede deel van Sy opdrag was **'julle moet toegerus word'**. In Hebreeus beteken dit om iets aan te trek, maar eers moet jou klere in kleursel ('dye') geweek word en dan moet dit aangetrek word. Wat jy moet aantrek moet ten volle deurweek wees deur iets wat nie weer verwyder kan word nie. Dit moet aangetrek word om soos jou vel aan jou te pas.

Dis eintlik wat die salwing met Heilige Gees beteken. Die kleur van jou salwing sal spesifiek vir jou wees. Dit verskil van mens tot mens.

Dit word ook so gegee: ***Romeine 13:14;***

'Maar **beklee julle** met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie'.

Efesiërs 6:11;

'**Trek** die volle wapenrusting van God **aan**, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel'.

Het jy alreeds die wapenrusting aan?

3

Kolossense 3:10;

'En julle moet jul **met die nuwe mens beklee** het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,

Dis nou tyd om die nuwe mens aan te trek.

Jy moet totaal deurweek wees. Dit beteken nie om net seremoniële klere aan te trek wat jy weer na die seremonie moet uittrek nie. Nee, dis permanente klere. As jy 'n ware soeker na God is, sal jy beklee wees met die krag van God.

Derdens: 'Toegerus met **krag uit die hoogte**'.

Die woord 'krag' word hier gebruik om alles wat God kan doen, te beskryf. Dit beteken ook om alles wat ons as mense kan doen, te beskryf. Maw wat die mens en wat God kan doen, word in dieselfde

kategorie geplaas. Dis egter slegs vir die mens moontlik as hy alreeds toegerus is met hierdie krag.

Kerk, dit beten nie dat 'n mens alles kan doen wat God kan doen nie. Maar, as Hy jou toegerus het kan ons dieselfde doen as wat Jesus gedoen het. Hyself het so gesê.

Filippense 4:13;

'Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee'.

Hierdie is die krag waarvan ons praat.

Hoeveel van ons begeer nie om hierdie krag werksaam in ons te sien nie? Ons het hier almal nodig dat God ons verstand moet open!

Efesiërs 3:20;

'En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk'.

Ons moet beseef dat Jesus hier vir Sy dissipels gesê het dat hulle die potensiaal het om te doen wat Hy gedoen het.

In hierdie lering kom ons agter dat Jesus 'n opdrag gegee het.

Hy sê vir Sy dissipels om te wag totdat die krag wat Hy vir hulle wil gee, soos 'n nuwe vel vir hulle moet wees. Hulle moet so één met Hom word dat dit nie geskei kan word nie.

As jy nou more oppad werk toe of skool toe is, dra jou koninklike 4 klere. Die oomblik as die vyand jou wil probeer aanval in jou gesondheid of in jou finansies, onthou dat jy die krag van die hemel tot jou beskikking het. Weet, hierdie krag is in jou, of jy dit altyd beseef of nie.

Wat kan hierdie krag doen? Luister na hierdie getuienis:

In die begin van laas jaar kom daar 'n vrou na my toe by my praktyk, om haar te help omdat sy Vigs het. Sy het al die toetse en resultate daar om dit te staaf. Na

al my verduidelikings en voorstelle wat ons moet doen, vertel sy my dat sy 'n kind van God is, en of ek vir haar sal bid ook.

Ek staan toe op voordat sy loop en doen vir haar 'n eenvoudige gebed en hou haar vas, en so is sy daar weg.

Ses maande daarna kom sy weer by my uit. Sy is so opgewonde en vertel vir my die verhaal: Sy sê die oomblik toe ek vir haar gebid het

met haar eerste besoek, het daar 'n warmgevoel dwarsdeur haar getrek en sy het gevoel sy wil val. Sy sê by die huis het sy gaan sit en besef dat iets het uit my in haar ingekom en sy was so opgewonde. Sy het toe nooit gegaan vir enige behandeling nie. In haar hand was gister se toets: Haar HiV was negatief. Sy het eintlik net kom dankie sê.

Wat het hier gebeur? God het vir hierdie vrou 'n nuwe liggaam en 'n nuwe lewe gegee. Ek het haar verseker nie genees nie. God se krag het haar genees die oomblik toe dit na haar liggaam oorgedra is deur 'n eenvoudige handeling van liefde en 'n gebed. Dis al wat sy nodig gehad het om gesond te word.

Elkeen wat hierdie woorde hoor moet in hierdie kragdimensie instap in geloof. God wil so graag deur jou ook sulke dinge doen.

Die area's waarin ons werklik God se krag nodig het is in ons karakter, ons gebedslewe, ons bediening en diens.

Ons het ook Sy krag nodig om oorwinning oor sonde te kan behaal, om die duiwel te kan weerstaan, om in gehoorsaamheid te wandel, om beter resultate in 'n korter tyd te kan kry en om 'n effektiewe getuie vir Jesus te wees.

Hierdie krag is vir almal beskikbaar.

Is jy gewillig om die prys te betaal en te begin?

STADIUMS VAN BEKRAGTING:

Ons sien God se bonatuurlike hand in ons lewens.

Wanneer ons dieper gaan kyk na salwing en bekragting in ons lewens sien ons soms 'n patroon daarin.

Deur die Gees begin jy agterkom dat daar nog baie meer is.

Hoe dieper jou verhouding met God, hoe makliker kom jy agter dat daar nog meer is as net die teenwoordigheid van Heilige Gees.

Nou, die teenwoordigheid van Heilige Gees is om elke oomblik bewus wees van Sy nabyheid. Jy weet as Hy die hele tyd by jou is.

Hy wil aanhoudend kontak maak met jou geesmens.

Daarna kom Sy bekragting. Jy kan egter nie in God se krag wandel as jy nie eers ten volle in Sy teenwoordigheid is nie.

Ons as Christene het 'n potensiaal wat altyd ontwikkel moet word. Wanneer ons kennis opdoen oor sekere geestelike sake, bring dit altyd God se moontlikhede na ons toe en verander hulle na Sy werklikhede. Laat toe dat bekragting 'n werklikheid vir jou word.

Die verskillende stadiums van bekragting en die lering daarvoor, doen dieselfde. Dit rus jou toe vir wat nog kom.

- Vrae: *
- * Wat is God se doel met my?
 - * Tot wat is ek in staat in Christus Jesus?
 - * Is bekragting en outoriteit ook vir my?
 - * Móet ek hierdie salwing ook kry?

Kom ons kyk na die drie stadiums van salwing en bekragting:

DIE EERSTE STADIUM:

REDDING EN REINIGING: HEILIGE GEES KOM IN MY LEWE IN:

Redding en wedergeboorte gebeur. Dit word deur Jesus Christus gedoen. Jy begin direk daarna met die tydperk van heiligmaking in lewe. Jesus Christus is die volmaakte offer en die enigste een wat sonde kan wegneem, net omdat Hyself sonde oorwin het.

Na wedergeboorte volg die ***Bloed- en Olie reiniging***.

Dit is die daaglikse skoonmaak van jouself.

Die aanwending van die bloed van Christus en die olie is simbolies van die aanraking en die invloed van Heilige Gees in jou lewe.

Na wedergeboorte begin die tydperk van God se teenwoordigheid. Die oomblik dat jy Heilige Gees toelaat om jou te beheer, begin Sy werk in jou lewe.

Die Vrug van Heilige Gees word nou 'n werklikheid.

Heilige Gees vul jou nou met Sy Vrug en jy begin stelselmatig skoongemaak en nuut word. Dis die begin om heilig te kan word.

'Dit is nie deur krag of geweld, maar deur My Gees', sê God in ***Sagaria 4:6***.

Net soos wat die bloed van Jesus Christus oor alle grense kan gaan, so ook die aanraking van Heilige Gees.

Dis daar vir almal wat Hom aanroep en Hom toelaat.

Soos wat die Heilige Gees jou nou begin lei en jou help en oortuig van sonde in jou lewe – so ervaar jy God se vergifnis en begin jy God op 'n ander vlak belewe.

My doel is om my verhouding met God dieper en sterker te maak en so te groei in 'n groter dimensie van Sy krag. Voordat dit kom sal daar baie toetse en groei nodig wees om jou so te verander soos wat God jou wil hê. So lyk kerk vandag. Almal is gered en het assurance uitgeneem teen brand. Maar daar is meer.

DIE TWEDE, DIEPER BEKRAGTING: 'DIE PRIESTERLIKE SALWING' DIE SALWING VIR BEDIENING

As 'n gelowige, gereinig deur die bloed van Christus, wedergebore en verseël deur Heilige Gees, kan en moet jy nou aanbeweeg na die volgende stadium van salwing.

Dit word die dieper vlak of die 'Priesterlike salwing' genoem – 'n ekstra salwing van God se krag – vir bediening.

Soos alle dieper vlakke van God se teenwoordigheid en krag is daar ongelukkig min Christene wat hierin beweeg.

Meestal net omdat hulle nie regtig weet hoe om dit te ontvang nie. Elke lid van die kerk moet 'n sekere bediening hê. Dis hoekom hierdie stap vir die kerk so belangrik is.

Om van die eerste vlak van bekragting na die dieper vlak toe te beweeg, moet ek die gemaklike waarin ek leef totaal uit my kry. Al die pyn en seer van die verlede moet uitkom sodat ek nie teuggehou word deur my eie verlede nie.

Wat is die vereistes waardeur jy moet gaan?

Kruisiging van die vlees. Vas en gebed. Sterf aan jouself. Diep sondebelydenis. Klaarmaak met die verlede. Selfs bevryding. So word jy gereed gemaak vir dienswerk.

Hierdie salwing is die bekragting vir bediening aan die Here.

Dit sluit in:

- om mense na die Here toe te lei,
- die versorging van ander skape, en
- die bediening aan God, as priesters.

Hier sien ons die werking van:

- die gawes van Heilige Gees, en al vyf die bekende bedieninge.

Ons is almal geroep om priesters van God te wees.

Ons hoef nie noodwendig in voltydse diens te wees of agter kansels te staan of genesings-dienste te hou nie.

As ons dan bedienaars van God is, moet ons die krag van Heilige Gees hê om so te kan doen. Ons moet dus almal vervul wees met Heilige Gees, want dit is die priesterlike salwing op ons lewe. Sonder dit sal ons weinig regkry.

Hierdie dieper vlak van salwing word ook geken aan die eenheid wat dit gee in die liggaam van Christus. Daar is nie plek hier vir alleenlopers nie. Daar is dus nie so iets soos 'n privaat priesterlike bediening nie. Dit kom altyd in eenheid – in die liggaam.

Die priesterlike salwing is vir bediening.

Dit is nie net 'n 'eenmaal-ontvang salwing' nie.

Die eerste salwing is wel – jy kry dit eenmaal na wedergeboorte, en dit bly daar na vervulling met Heilige Gees.

God sal jou net nooit laat gaan nie – behalwe as jy Hom los.

Die priesterlike salwing om mense te bedien is 'n daaglikse salwing.

Onder die ou wet is die priesters daaglik gesalf met vars olie.

Dit bring die teenwoordigheid en die gemeenskap met Heilige Gees.

Die groot jammerte is dat Christene nie wil vorder na hierdie vlak toe nie. Hulle soek net regtig nie na meer nie. Daarom gee hulle nooit totaal oor nie en hoor hulle net nooit die volheid van God se stem nie. Jesus sê tog so duidelik gesê: 'My skape hoor en ken my stem'. Om Sy stem te hoor is 'n daaglikse belewenis.

Die tweede salwing kom nou na die teenwoordigheid van Heilige Gees. Dit kan egter verloor word as sonde weer in jou lewe inkom.

Wat is sonde?

Jakobus 4:17; 'As jy weet wat die regte ding is om te doen, en jy doen dit nie, is dit sonde'.

Daarom moet dit daagliks hernuwe word.

Na hernuwing kom jy in Sy teenwoordigheid – so naby – so werklik.

DERDE EN DIEPSTE BEKRAGTING: 'DIE KONINKLIKE SALWING' SALWING VAN OUTORITEIT

As jy eers die eerste salwing belewe het en daarna die opwinding van sy priesterlike salwing – moet nie daar stop nie.

Weet dat daar nog iets dieper is.

Die koninklike salwing is die diepste en mees kragtigste salwing.

Die vereiste is totale gehoorsaamheid.

Hier word jy opgelig na 'n hoër vlak van outoriteit in God.

Die outoriteit neem jou oor duiwels en demone en jy sal oor hulle heers deur jou woorde en dade.

Outoriteit hier is aktiewe uitvoerende gesag.

Jesus Christus sê vir ons: 'Kyk, Ek gee aan jou mag en gesag oor die krag van die vyand'. Niks bonatuurliks kan jou stop nie. Krag en lig kom nou in jou in en alles van die duisternis sal van jou wegvlug.

Dis so dat hierdie salwing die moeilikste is om te ontvang.

Die eerste salwing kom deur Jesus Christus aan te neem.

Die tweede salwing kom deur gemeenskap met Jesus Christus.

Die derde salwing kom deur gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

Daarna kom die tyd dat jy soveel krag ontvang dat jy demone van siekte en bindinge uit mense se lewe sal kan dryf.

Hier word jy beweeg deur Heilige Gees en jy kom op 'n vlak waar jy niks meer voel nie. Net Sy teenwoordigheid.

Alles word beweeg deur bonatuurlike krag – die krag van God.

God belowe dat Hy sy Woord sal bevestig deur tekens en wonders.

Die genesing en bevryding van mense is nie die krag nie, dit is die teken van Sy krag. Dit sal mense oortuig van die werklikheid van God op 'n manier waarop hulle dit nog nooit gesien het nie.

HIERDIE SALWING BESTAAN AL LANKAL:

Dawid skryf in ***Psalm 92:10***; 'Ek is met vars olie gesalf.'

Dit toon duidelik die salwing van Heilige Gees want olie is altyd 'n tipe van Heilige Gees in die Woord.

Dawid het drie salwinge gehad:

Die eerste salwing gebeur toe Samuel Bethlehem toe gaan om Isai en sy seuns te gaan sien. Toe Dawid inkom sê God: 'Dit is hy – self hom.' Die tweede salwing kom jare later in Hebron, toe hy gesalf word as die koning oor Juda. Die derde salwing kom en daarna eers word hy die koning oor die hele Israel.

Ons moet ook vandag deur aldrie hierdie stadiums gaan.

Die punt hier is dat ons as gelowiges nooit die vlak van heerskappy kan bereik wat God vir ons beplan het, as ons nie ook die derde salwing ontvang nie.

So baie mense wil graag God se krag hê, maar hulle vergeet dat dit nie sal kom as hulle nie eers die teenwoordigheid van Heilige Gees ontvang het nie.